



NOODSAAKLIKE ROL VAN VOEDINGSTOWWE IN GEWASONTWIKKELING

MIKRO-ELEMENTE

BOOR

- Noodsaaklik vir stuifmeelproduksie en die ontwikkeling van stuifmeelbuise.
- Noodsaaklik vir saad-en selwandvorming.
- Bevorder rypwording.
- Noodsaaklik vir die vervoer van suikers.
- Bevorder proteïnsintese indien in kombinasie met Mo en N toegedien word.
- Seldeling by groeipunte.
- Bevorder bestuiwing.
- Elastisiteit van selwande.
- Kernbelangrik vir graanvul en pitgrootte.
- Voorkom haasbepakkies by kleingrane.
- Funksioneer in sinergisme met Ca & Mg.

KOPER

- Kataliseer verskeie plantprosesse.
- Belangrike funksie met fotosintese in reprodktiewe fases.
- Indirekte rol in chlorofilproduksie.
- Noodsaaklik vir chlorofil, suiker vervaardiging en wortelgroei.
- Sterk stamgroei
- Intensifiseer kleur.
- Verbeter smaak van vrugte en groente.
- Siekte onderdrukking.
- Bevorder opname van ammonium.

YSTER

- Bevorder chlorofil produksie.
- Dien as suurstofdraer.
- Vervul rol by selverdeling en-groei.

MANGAAN

- Funksioneer as deel van sekere ensiemsisteme.
- Help in chlorofilproduksie.
- Verhoog die beskikbaarheid van P en Ca.

MOLIBDEEN

- Noodsaaklik vir die omskakeling van Nitrate na Ammonium in die plant.
- Proteïnsintese.
- Nodig om anorganiese fosfate om te skakel na die organiese vorm.
- Belangrike voedingsbron vir Rhizobium bakterieë.

SINK

- Aktiveer plantgroeihormone en ensiemsisteme.
- Noodsaaklik vir chlorofilproduksie en fosfaatopname.
- Noodsaaklik vir koolhidraatproduksie.
- Reguleer plantsuikers.
- Bevorder stamgroei, bevrugting en saadvorming.
- Speel 'n belangrike rol by opname van vog.
- Belangrik vir grondorganismes.
- Versnel wondgenesing.
- Belangrik vir wandelastisiteit.
- Bevorder pitgrootte - vervoer stysel en suiker.
- Funksioneer sinergisties met P teen ratio van 10 (P) : 1 (Zn)